**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 7**
**TYD: 1½ UUR** **TOTAAL 70**

---

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **LEESBEGRIP** | **[15]** |
| **AFDELING B:** | **TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES** | **[35]** |
| **AFDELING C:** | **LITERATUURSTUDIE** | **[20]** |

---

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Lees die onderstaande uittreksel deur Sarita Loots en beantwoord dan die vrae in volsinne en in jou eie woorde.**



### ’n Kersstorie

1 Vyfuur in die môre lui die telefoon vir Arina wakker.
“Haai Ma!”
“Willem!”
“Jammer ek bel so vroeg. Ma het seker geskrik.”
“En hoe!”
Sy kam haar vingers deur haar hare asof dit die skrikgalop van haar hart sal laat bedaar. Toe klim sy uit die bed en sluip teen die trappe af kombuis toe sodat Schalk nie verder in sy slaap gesteur word nie.
“My skof begin oor ’n uur en ek wou net sê: ‘It’s twelve days to Christmas.’”
“Ag Willem! Waarvandaan bel jy nou?”
Ek is nog in Skotland Ma, maar ek gaan probeer om by Sanet in Londen uit te kom teen Kersfees. Dit reën sulke slierte hier en dis yskoud.”
“Luister my kind, is ...”
“My belgeld is so te sê op Ma, maar ek wou darem net seker maak.”
Be-e-e-p, be-e-e-p, be-e-e-p.
Die oproep was van ’n tiekieboks af. Sy bel sy selfoon, maar dit neem net ’n boodskap.

2 Nou maar koffie maak en die dag inwag. Sy kyk by die venster uit toe sy water in die ketel tap en sien die môrester helder net bo die eikeboom flikker. Die hartseer bekruip haar. Vir meer as twintig jaar hang sy en die kinders die twaalf aftelversierings van 12 Desember tot ou-Kersaand op en pak hulle saam die Kersverhaal uit met die karakters wat sy uit materiaal gemaak het. Maar vanjaar ... vir wie nou eintlik?

3 Sy skrik toe haar selfoon biep.
*Ma, dis 12 Desember. Is al die goed al uit die wakis? XXX Sanet.*
Die ou groen geverfde wakis met die rooierige blommotiewe op. Oupagrootjie se kis wat op sy groen ossewa saamgetrek het die binneland in. Arina het die kis via haar ma geërf en sedertdien bewaar dit al die Kersversierings. Sy sug. Nou het sy nie meer ’n keuse nie

4 “Kry ’n mens niks om te drink in hierdie raserige huis nie?”
Schalk staan in die deur, hare deurmekaar en oë dik geslaap, hande in die japonsakke.
“Môre, sou ek gesê het. Ek hét die ketel aangeskakel, maar skoon vergeet om koffie te maak. Die kinders het my so vroeg al herinner aan 12 Desember, maar vanjaar weet ek tog nie.”
“Ag my ou vroutjie, jy sal daaraan gewoond moet raak dat dit nou net ons twee is vir al jou Kersversierings. Die kinders,” en sy regterhand fladder soos ’n vlerk, “ het uit die nes opgestyg.”

5 “Skud nou maar die swart van jou skouers af Ounooi, en haal daardie lap Josef en Maria wat die baba vashou uit én al die wyse manne wat jy so vir die kinders gemaak het,” en Schalk verdwyn in die badkamer.
“Wat van die vyf-en-twintig engele wat van iewers af moet swaai!”
“En die twee herders met die vasgeplakte skape. En onthou daardie vet Engel met die blouerige gewaad aan,” skree-praat hy uit die stort.



6 Sy haal die boks gemerk, *Engele*, uit en sit dit op die bed neer. Toe die handgemaakte versierings. Toe sy die deksel oplig, pof die wyse manne wat bo-op lê dankbaar na ’n hele jaar se platdruk, uit.
Sy pak alles op ’n teegevlekte lap, vou dit toe, laai dit op die *Engele*-boks en dra dit af na die leefkamer en laat val die hele boel op die grond.

**VRAE:**

1. Wat is die naam van die hoofkarakter in die storie? (1)
2. Wie is Sanet? (1)
3. Hoekom bel Willem sy ma so vroeg in die oggend? Verskaf <u>twee</u> redes. (2)
4. Haal een woord van klanknabootsing uit die teks aan. (1)
5. Verduidelik <u>in jou eie woorde</u> wat ’n “tiekieboks” in paragraaf 1 is. (1)
6. Haal een sin uit die teks aan om te verduidelik wat Arina en haar kinders op die twaalfde Desember elke jaar gedoen het. (1)

7. Hoekom het beide haar kinders haar herinner aan wat op die twaalfde Desember moet gebeur? (1)
8. Waarom is die wyse manne "dankbaar"? (paragraaf 6) (1)
9. "Skud nou maar die **swart** van jou skouers af Ounooi..." Watter emosie/gevoel skep die woord swart in dié reël? (1)
10. Wat kan jy uit hierdie storie aflei is die moeilikste ding vir enige ouer om te doen? (1)
11. Verskaf sinonieme vir:

11.1 japon (par. 4)
11.2 gewaad (par. 5) (2)

12. Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae:




12.1 Maak 'n sin met die ander betekenis van "elwe".
12.2 Verskaf die enkelvoud van "elwe". (2)

[15]

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Vraag 1**

Skryf die onderstreepte woorde op jou antwoordstel en bring die nodige **akuut- en gravistekens** aan:

1.1 Wat bedoel jy met die opmerking, he?
1.2 Dit is die creche waarvan ek jou vertel het. (2)

**Vraag 2**
Rangskik die woorde tussen hakies in **chronologiese volgorde** en skryf die korrekte sin neer.

2.1 Kersfees word (op 25 Desember, wêreldwyd, elke jaar) gevier. (1)

**Vraag 3**
Skryf die volgende sinne in die **ontkennende vorm**:

3.1 Was jy al ooit in Jerusalem?
3.2 Stuur asseblief vir Boetie 'n hokkiestok vir Kersfees. (2)



**Vraag 4**
Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**:

4.1 Arina vra: "Het hulle gisteraand die Kersboom gesien?" (2)

**Vraag 5**
Skryf die volgende sin in die **direkte rede**:

5.1. Schalk het gesê dat hul kinders die vorige jaar uit die huis is. (2)

**Vraag 6**
Verduidelik hoekom die komma in die volgende voorbeelde gebruik word:

6.1 Arina plaas engeltjies**,** sterre**,** kabouters en liggies aan die Kersboom.
6.2 "Schalk**,** waar het jy die wyse manne neergesit?" (2)



**Vraag 7**
Skryf die volgende sinne in die **lydende vorm**:

7.1 Sy selfoon neem elke keer net 'n boodskap.
7.2 Arina het vroeër die oggend die ketel aangeskakel. (2)

**Vraag 8**
Benoem die **deelwoorde** in die onderstaande sinne:

| **Bv.** | **Deelwoord** | **Tipe deelwoord** |
|---|---|---|
| | gekapte | swak verlede/voltooide dw. |

Die wyse manne stap in die **maanverligte** aand deur die veld. Hul harte is **gebroke**, want hulle kon nie die babatjie sien nie. Tog weet hulle daar is ’n **opkomende** Koning gebore.



8.1 maanverligte
8.2 gebroke
8.3 opkomende (3)

**Vraag 9**
Sê in watter situasie die volgende **retoriese vrae** gebruik sou word:

9.1 Het jy lekker geslaap?
9.2 Is dit nie al slaaptyd nie? (2)

**Vraag 10**
Sê of die volgende sinne **enkelvoudig, saamgesteld of veelvoudig** is:

10.1 Sy haal die boks, wat Engele gemerk is, uit die groot kas.
10.2 Arina het elke oggend vroeg eers ’n koppie koffie gedrink. (2)

**Vraag 11**
Wat is die funksie van die onderstreepte **voor- en agtervoegsel** in die volgende woorde? Kies jou antwoord uit die blokkie.

besig om te / oortreffende trap / nie / verlede tyd / vergrotende trap / voorsien van / sonder / byvoeglike verbuiging

11.1 **<u>ge</u>**slaap
11.2 wys**<u>e</u>** manne (2)

**Vraag 12**
Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van die onderstaande sin **(sinsontleding):**

**Terwyl die wyse manne in die veld stap, word ’n babaseuntjie gebore.**

12.1 Skryf die gesegde neer.
12.2 Skryf die bywoordelike bysin van tyd neer.
12.3 Skryf die onderwerp neer. (3)


**Vraag 13**

Pas Kolom A se donkergedrukte **woordsoort** by Kolom B se antwoord. Skryf slegs die nommer van die vraag en dan die antwoord neer. Bv.: 2.1 – A

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 13.1 Oupa **was** hierdie jaar Kersvader. | A voorsetsel |
| 13.2 Daar was **baie** geskenke onder die Kersboom. | B aanwysende voornaamwoord |
| 13.3 **Hoera!** Net twee slapies tot Kersfees. | C onbepaalde rangtelwoord |
| 13.4 Gaan jy **hierdie** geskenk vir haar gee? | D koppelwerkwoord |
| 13.5 Die Kersboom lyk **pragtig.** | E bywoord van manier |
| 13.6 Almal het **om** die Kerstafel gesit. | F vraende voornaamwoord |
| 13.7 Die heerlike kos ruik lekker, **maar** al waaraan ek dink is my persent. | G voegwoord |
| 13.8 Kersvader ry **vinnig** met die slee. | H tussenwerpsel |
| 13.9 Ons familie kom hierdie jaar in **Stellenbosch** bymekaar. | I predikatiewe byvoeglike naamwoord |
| 13.10 Oor **wie** gaan die verhaal? | J onbepaalde hooftelwoord |
| | K bywoord van tyd |
| | L eienaam |
| | M hulpwerkwoord |

(10)
[35]

**AFDELING C: LITERATUURSTUDIE**
**ALIENS EN ENGELE – LEON DE VILLIERS**




**VRAE:**

1. Hoekom het Pieter hom verbeel hy is 'n muis in 'n melkbottel? (1)
2. Die woonstelblok se naam is Melkweg. Hoe beïnvloed dié naam sy verbeelding? (1)
3. Wie is "Die Baard" en hoe is hy handig te pas vir Pieter? (2)
4. Dink jy Pieter was 'n gewilde klasmaat. Motiveer jou antwoord. (2)
5. Hoekom vra Pieter vir die Pêrelvrou of hulle robotte het? (1)
6. Hoe het Pieter getoon dat hy nie van tannie Louise en die Strik hou nie. (2)
7. Waarom is oom Sarel se skuilnaam Neil? (1)
8. Waar is die draaipunt in hierdie verhaal en wie het dit veroorsaak? (2)
9. Wat is oom Sarel se siening van 'n mens se verbeelding? (1)

10. Oom Sarel leer vir Pieter lesse van die lewe. Wat is die les wat oom Sarel geleer het toe hy en sy ouma by die dam was? (1)
11. Wat is ’n feniks? (1)
12. Was dit reg dat oom Sarel en sy vrou vir Pieter ’n dag uit die skool gehou het? Motiveer jou antwoord. (2)
13. Hoekom was dit vir Pieter lekker om by oom Sarel en sy vrou te bly? (1)
14. Dink jy Pieter het sy pa ook as ’n alien beskou? Watter insident bevestig jou antwoord? (2)

[20]